VL VERSOEK GROTER WAAKSAAMHEID VAN BOERE IN VRYSTAAT, NA AANLEIDING VAN PLUNDERY, PROTES EN BRANDSTIGTING IN DIE OOS-KAAP AREA

VL neem met sorg kennis van protes en geweld in die Kirkwood area op plase in die Oos-Kaap waar stakende plaaswerkers se versoek vir hoër salarisse opgeëindig het in brandstigting en kwaadwillige saakbeskadiging waar woonhuise en landerye afgebrand is en sekere boerderye blykbaar vernietig is.

1. Met verwysing na die Landelike Beveiliging Strategie (LBS) moet boere daarop let dat enige misdaad, en veral grondbesettings en betreding in ‘n ernstige lig beskou moet word deur beide die polisie en boere, waar daar sekere voorskrifte alreeds vanaf die Polisie in plek gestel is om dit aan te spreek itv implementeringsriglyne. Grondbesettings en ernstige misdaad, soos wat dit in diè geval beskou word, regverdig ‘n mobilisering en aktivering van die Landelike Veiligheidsplan in ‘n area, ten einde oortreders so vinnig as moontlik te identifiseer en te arresteer. VL se “Grondbesetting Gebeurlikheidsplan” wat 7 punte bevat, is ook hier van belang. Hier kom opleiding weer ter sprake wat VL en LGV aanbied sodat alle boerderygemeenskappe ingelig is oor hoe om op te tree, ook tov wetlike aspekte wat ter sprake is.
2. VL het in die verlede herhaaldelik daarop gewys dat die SAPD se Nasionale Instruksie 7 van 2017 “Unlawful occupation of land and evictions” daarop dui dat “if information exists under oath that a person or persons are conspiring to invade land such person or persons may be arrested in terms of section 18(2)(a) of the Riotous Assemblies Act, 1956 (Act No. 17 of 1956)” – dit beteken dat inligting so gou moontlik met verskeie komponente in die SAPD geskakel word, waaronder POP, MI, Vispol en Speurders, waar arrestasies uitgevoer kan word.
3. Boere en veral veiligheidsverteenwoordigers van Boere Verenigings word versoek om so vining moontlik enige inligting aan hul streek v/verteenwoordiger, VL se Veiligheidslessenaar en ook aan die SAPD op plaaslike vlak te skakel, sodat dit voortydig aangespreek kan word.
4. Kommunikasie kanale op plaaslike vlak met die Polisie se Stasiebevelvoerder, Landelike Veiligheidskoördineerder en die Distrik se bevelstruktuur is hier van kardinale belang ten einde vinnige reaksie vanaf boere en die polisie te verseker. Die Polisie op provinsiale vlak is alreeds gesensiteer rakende die aspek.
5. Daar is nie enige inligting tans wat daarop dui dat soortgelyke voorvalle in die Vrystaat van stapel gestuur gaan word nie.
6. Moenie inligting vir uself hou nie, waar dit vroegtydig deurgegee word, kan dit beteken dat sekere dade van kriminaliteit in die kiem gesmoor kan word.
7. Wees veilig, paraat en waaksaam en skakel die nodige inligting binne VL se strukture met die SAPD.

   VL groete – Jakkals le Roux, sel nr 0827818241, Jane Buys, sel nr 0829228434 (28 April 2022)